

OFFISIELLE KOERANT

VAN SUIDWES - AFRIKA.



OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

1/- Vrydag, 1 April 1960

WINDHOEK

Friday, 1st April, 1960

No. 2246

INHOUD.

CONTENTS

Bladsy/Page

PROKLAMASIES:—

- No. 16. Proklamasie op die Rehoboth-Gebiet (Verdere Toe-passing van Wette) 1960
- No. 17. Paaie, Distrik Outjo: Proklamering en Sluiting van
- No. 18. Publieke Pad, Distrik Outjo: Verhoging van Status
- No. 19. Publieke Paaie, Distrik Outjo: Proklamering van
- No. 20. Publieke Pad, Distrik Windhoek Verlegging van
- No. 21. Paaie, Distrikte Windhoek, Rehoboth, Gobabis en Karibib: Proklamering en Sluiting van
- No. 22. Publieke Pad, Distrik Warmbad: Proklamering van

GOEWERMENSKENNISGEWINGS:—

- No. 61. Munisipaliteit van Walvisbaai: Vleis- en Slagplaas-Regulasies
- No. 62. Opheffing van Prysbeheer op Varsmelk en Intrekking van Prysewenaarstelsel
- No. 63. Onderskeidingsteken vir Motorvoertuie, 1960/1961
- No. 64. Onderskeidingsteken vir Wielbelasting, 1960/1961
- No. 65. Huweliksbevestigers: Herroeping van Aanstelling
- No. 66. Munisipaliteit Otavi: Waterleveringsregulasies
- No. 67. Motorvoertuigoutoriteite: Aanstelling en Herroeping van Aanstelling
- No. 68. Ondersoekbeamptes: Aanstelling en Herroeping van Aanstelling
- No. 69. Huweliksbesvestigers: Aanstelling
- No. 70. Huweliksbevestiger: Tydelike Aanstelling
- No. 71. Huweliksbevestiger: Herroeping van Aanstelling
- No. 72. Mynregulasies: Wysiging van
- No. 240. (Unie) S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Regulasies insake die hou van Ondersoeke
- No. R. 357. (Unie) Doeane wet, 1955: Wysiging van die Eerste Bylae (No. 1/26)
- No. R. 358. (Unie) Doeane wet, 1955: Oplegging van Gewone Dumpingreg

ALGEMIENE KENNISGEWINGS:—

- No. 33. Persoon onbekwaam om Vuurwapen te besit
- No. 34. Bankeoggawe: Januarie, 1960
- No. 35. Yking: Landdrosdistrikte van Otjiwarongo en Outjo
- No. 36. Stigting van 'n Dorp vir Kleurlinge op Staatsgrond, grensende aan Walvisbaai-Dorpsgronde
- No. 37. Mynwese: Toekenning van Alleenregte
- No. 38. Munisipaliteit Windhoek: Agterstallige Eiendomsbelasting op Erf 58 C Klein Windhoek
- No. 39. Opgawe van Plase onder Kwarantyn: 1:2:60
- No. 164. (Unie) Doeane tariefgids, 1959: Wysigingslys No. 9
- No. 176. (Unie) S.A. Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad: Permitgelde
- No. 360. (Unie) Bouverenigingsopgawes: Januarie 1960

ADVERTENSIES:—

Boedelkennisgewings ens., ens., ens.

PROCLAMATIONS:—

- | | |
|---|-----|
| Rehoboth Gebiet (Further Extension of Laws) Proclamation, 1960 | 245 |
| Roads, District Outjo: Proclamation and Closing of Public Road, District Outjo: Raising of Status | 246 |
| Public Roads, District Outjo: Proclamation of | 247 |
| Public Road, District Windhoek: Deviation of | 247 |
| Roads, Districts Windhoek, Rehoboth, Gobabis and Karibib: Proclamation and Closing of | 247 |
| Public Road, District Warmbad: Proclamation of | 251 |

GOVERNMENT NOTICES:—

- | | |
|--|-----|
| Municipality of Walvis Bay: Meat and Abattoir Regulations | 252 |
| Lifting of Price Control on Fresh Milk and Withdrawal of Price Equalisation Scheme | 261 |
| Motor Vehicle Badge, 1960/1961 | 261 |
| Wheel Tax Badge, 1960/1961 | 262 |
| Marriage Officers: Cancellation of Appointment | 262 |
| Municipality of Otavi: Water Supply Regulations | 263 |
| Motor Vehicle Authorities: Appointment and Cancellations of Appointment | 269 |
| Examining Officers: Appointment and Cancellation of Appointment | 270 |
| Marriage Officers: Appointment | 271 |
| Marriage Officer: Temporary Appointment | 271 |
| Marriage Officer: Cancellation of Appointment | 271 |
| Mining Regulations Amendment of | 271 |
| (Union) S.A. Medical and Dental Council: Regulations for the Conduct of Enquiries | 272 |
| (Union) Customs Act, 1955: Amendment of the First Schedule (No. 1/26) | 273 |
| (Union) Customs Act, 1955: Imposition of Ordinary Dumping Duty | 274 |

GENERAL NOTICES:—

- | | |
|--|-----|
| Person declared unfit to possess a Firearm | 274 |
| Banks' Statement: January, 1960 | 275 |
| Assizing: Magisterial Districts of Otjiwarongo and Outjo | 275 |
| Establishment of a Township for Coloureds on Crown Land adjacent to Walvis Bay Townlands | 276 |
| Mines: Granting of Exclusive Rights | 276 |
| Municipality Windhoek: Outstanding Rates and Taxes on Erf 58 C Klein Windhoek | 276 |
| Return of Farms under Quarantine: 1:2:60 | 277 |
| (Union) Customs Tariff Guide 1959: Amendment List No. 9 | 277 |
| (Union) S.A. Council for Scientific and Industrial Research: Permit Fees | 278 |
| (Union) Building Societies Returns: January, 1960 | 278 |

ADVERTISEMENTS:—

Estate Notices etc., etc., etc.

279

PROKLAMASIES

DEUR SY EDELE DANIEL THOMAS DU PLESSIS
VILJOEN, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 16 van 1960.]

NADEMAAL by paragraaf vier van die Ooreenkoms gesluit tussen die Administrateur van Suidwes-Afrika en die Kapitein van die Rehobothgemeente en die lede van die Raad van genoemde Gemeente, welke ooreenkoms by Proklamasie van die Administrateur gedateer die agt-en-twintigste dag van September 1923 (Proklamasie 28 van 1923) bevestig en bekragtig is, daar onder andere ooreengekom is dat die Administrateur, na oorleg met die Raad van die genoemde Rehobothgemeente, die bevoegdheid het om wette uit te vaardig vir die gebied wat in die ooreenkoms die *Gebiet* heet en om enige wet wat in die Gebied Suidwes-Afrika geld, ook daarop toe te pas, as hy sodanige wetgewing en toepassing in die belang van óf die Gebied Suidwes-Afrika óf die *Gebiet* raadsaam of wenslik ag;

EN NADEMAAL by artikel een van die Rehoboth Aangelegenheden Proklamaties 1924 (Proklamasie 31 van 1924) daar bepaal is dat vanaf en na die inwerkingtreding daarvan, die Raad nie meer in die *Gebiet* fungeer nie en dat die bevoegdhede, funksies en pligte wat by wet aan die Raad verleen is, elk en almal by die Landdros van die distrik Rehoboth berus;

EN NADEMAAL die Administrateur, na oorleg met die Landdros van die distrik Rehoboth, dit in die belang van die *Gebiet* en van die Gebied Suidwes-Afrika raadsaam en wenslik ag om die onderstaande wette op die *Gebiet* toe te pas, naamlik —

- (a) die Ordonnansie op Mate en Gewigte 1937 (Ordonnansie 18 van 1937);
- (b) die Wet op die Hooggereghof 1959 (Wet 59 van 1959);
- (c) die Ordonnansie op Dieresiektes en -parasiete 1959 (Ordonnansie 34 van 1959);
- (d) die Administrasiewerknemersordonnansie 1957 (Ordonnansie 17 van 1957);

SO IS DIT dat ek ingevolge die bevoegdheid aan my verleent, hierby proklameer, verklaar en bekend maak:—

1. In hierdie Proklamasie dui die woorde „die *Gebiet*“ op die gebied genoem die *Gebiet* in die Ooreenkoms vervat in die bylae van die Proklamasie van die Administrateur gedateer die agt-en-twintigste dag van September 1923 (Proklamasie 28 van 1923) waarvan die grense bepaal word by die Rehoboth *Gebiet* Grens-Wysigings Proklamasie 1941 (Proklamasie 22 van 1941) soos gewysig.

2. Die Ordonnansie op Mate en Gewigte 1937 (Ordonnansie 18 van 1937) met terugwerkende krag van 29 Mei 1937, die Wet op die Hooggereghof 1959 (Wet 59 van 1959), die Ordonnansie op Dieresiektes en -parasiete 1959 (Ordonnansie 34 van 1959) met terugwerkende krag van 9 Augustus 1958, en die Administrasiewerknemersordonnansie 1957 (Ordonnansie 17 van 1957), met al hul huidige of moontlike toekomstige wysigings of byvoegings, en alle huidige of moontlike toekomstige

PROCLAMATIONS

BY THE HONOURABLE DANIEL THOMAS DU PLESSIS VILJOEN, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 16 of 1960.]

WHEREAS by paragraph four of the Agreement concluded between the Administrator of South West Africa and the Kapitein of the Rehoboth Community and the members of the Raad of the said Community, which said Agreement was ratified and confirmed by Proclamation of the Administrator dated the twenty-eighth day of September, 1923 (Proclamation 28 of 1923), it was agreed, *inter alia*, that the Administrator, after consultation with the Raad of the aforesaid Rehoboth Community, should possess the power to legislate for the territory referred to in the Agreement as the *Gebiet* and to extend thereto the operation of any law in force in the Territory of South West Africa if he considered such legislation or extension expedient or desirable in the interests of either the Territory of South West Africa or the *Gebiet*;

AND WHEREAS by section one of the Rehoboth Affairs Proclamation, 1924 (Proclamation 31 of 1924), it was provided that from and after the taking effect thereof, the Raad should cease to function within the *Gebiet*, and that all and several the powers, functions and duties vested by law in the Raad should vest in the Magistrate of the district of Rehoboth;

AND WHEREAS after consultation with the Magistrate of the district of Rehoboth the Administrator considers it expedient and desirable in the interests of the *Gebiet* and the Territory of South West Africa to extend the operation of the following laws to the *Gebiet*, namely:—

- (a) The Weights and Measures Ordinance, 1937 (Ordinance 18 of 1937).
- (b) The Supreme Court Act, 1959 (Act 59 of 1959).
- (c) The Animal Diseases and Parasites Ordinance, 1959 (Ordinance 34 of 1959).
- (d) The Administration Employees Ordinance, 1957 (Ordinance 17 of 1957).

NOW THEREFORE under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

1. In this Proclamation, the expression “the *Gebiet*” means the territory referred to as the *Gebiet* in the Agreement contained in the Schedule to Proclamation of the Administrator dated the twenty-eighth day of September, 1923 (Proclamation 28 of 1923), the boundaries whereof are defined in the Rehoboth *Gebiet* Boundaries Amendment Proclamation, 1941 (Proclamation 22 of 1941), as amended.

2. The Weights and Measures Ordinance, 1937 (Ordinance 18 of 1937) with retrospective effect from the 29th May, 1937, the Supreme Court Act, 1959 (Act 59 of 1959), the Animal Diseases and Parasites Ordinance, 1959 (Ordinance 34 of 1959) with retrospective effect from the 9th August, 1958 and the Administration Employees Ordinance, 1957 (Ordinance 17 of 1957), together with all amendments thereof or additions thereto which have been or may hereafter be enacted, and all proclama-

proklamasies, regulasies, reëls of lasgewings wat daarin gevulde uitgevaardig, aangekondig of uitgereik is of hierna kan word, het volle krag en werking binne die *Gebiet*.

3. Die Ordonnansie op Dieresiektes en -parasiete 1958 (Ordonnansie 14 van 1958) wat by Proklamasie 59 van 1958 op die *Gebiet* toegepas is, word hierby herroep.

4. Hierdie proklamasie heet die Proklamasie op die Rehoboth-*Gebiet* (Verdere Toepassing van Wette) 1960.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek hierdie 7de dag van Maart 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrateur.

No. 17 van 1960.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vijf* van die Ordonnansie op Paaie 1953 (Ordonnansie 17 van 1953), verklaar ek hierby dat die paaie in die distrik Outjo, beskryf in Bylae I hiervan gesluit is, die pad beskryf in Bylae II hiervan 'n publieke pad met die status van 'n Distrikspad is, en die pad beskryf in Bylae III hiervan 'n verlenging van Grootpad 65, beskryf in Bylae II van Proklamasie 36 van 1953, is.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie 12de dag van Maart 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrateur.

BYLAE I.

Beskrywing van pad.

Die pad beskryf as 'n verlenging van Distrikspad 2620 in Bylae III van Proklamasie 56 van 1955.

Die pad beskryf as Distrikspad 2744 in Bylae III van Proklamasie 56 van 1955.

Die pad beskryf as Grootpad 65 in Bylae II van Proklamasie 36 van 1953.

Gedeelte Gesluit

Die hele.

Die hele.

Van 'n punt op Grootpad 64 naby die Polisiestasie te Transfontein in Transfontein Reserwe 6 algemeen ooswaarts oor Transfontein Reserwe 6 en die plase Naachaams 5 en Gainatseb 67 tot by 'n punt waar Distrikspad 2744 aansluit op die laasgenoemde plaas.

BYLAE II.

DISTRIKSPAD 2744.

Van 'n punt op Grootpad 64 naby die Polisiestasie te Transfontein in Transfontein Reserwe 6 algemeen ooswaarts oor Transfontein Reserwe 6 en die plase Naachaams 5 en Gainatseb 67 om aan te sluit by Grootpad 65 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

BYLAE III.

VERLENGING VAN GROOTPAD 65.

Van 'n punt op Grootpad 65 op die plaas Gainatseb 67 algemeen suidwes en wes-suidweswaarts oor die plase Gainatseb 67, Wittklipp 68, Waterval 384, noordelike hoek van Renostewraak 385, Navarre 383, Radyn 382 en Welwitschia Dorpsgronde 416 tot by 'n punt op die oostelike grens van die opgemete erwe van die dorp Welwitschia 686, suidoos van erf Nr. 48.

tions, regulations, rules or orders which have been made or issued or may hereafter be made or issued thereunder, shall be of full force and effect within the *Gebiet*.

3. The Animal Diseases and Parasites Ordinance, 1958 (Ordinance 14 of 1958) which has been applied to the *Gebiet* by Proclamation No. 59 of 1958, is hereby repealed.

4. This Proclamation shall be called the Rehoboth *Gebiet* (Further Extension of Laws) Proclamation, 1960.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my hand and seal at Windhoek, this 7th day of March, 1960.

D. T. DU P. VILJOEN.
Administrator.

No. 17 of 1960.]

Under and by virtue of the powers in me vested by Section *five* of the Roads Ordinance, 1953 (Ordinance 17 of 1953), I do hereby declare that the roads in the district of Outjo as described in Schedule I hereto shall be closed, the road described in Schedule II hereto shall be a public road with the status of District Road, and the road described in Schedule II hereto shall be an extension of Main Road 65, described in Schedule II of Proclamation 36 of 1953.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my hand and seal in Windhoek this 12th day of March 1960.

D. T. DU P. VILJOEN.
Administrator.

SCHEDULE I.

Description of Road. Portion Closed.

The road described as an extension of District Road 2620 in Schedule III of Proclamation 56 of 1955. The whole.

The road described as District Road 2744 in Schedule III of Proclamation 56 of 1955. The whole.

The road described as Main Road 65 in Schedule II of Proclamation 36 of 1953. From a point on Main Road 64 near the Police Station at Transfontein in Transfontein Reserve 6 generally eastwards via Transfontein Reserve 6 and the farms Naachaams 5 and Gainatseb 67 to a point where District Road 2744 connects on the last mentioned farm.

SCHEDULE II.

DISTRICT ROAD 2744.

From a point on Main Road 64 near the Police Station at Transfontein in Transfontein Reserve 6 generally eastwards via Transfontein Reserve 6 and the farms Naachaams 5 and Gainatseb 67 to connect with Main Road 65 at a point on the last mentioned farm.

SCHEDULE III.

EXTENSION OF MAIN ROAD 65.

From a point on Main Road 65 on the farm Gainatseb 67 generally southwest — and west-southwestwards via the farms Gainatseb 67, Wittklipp 68, Waterval 384, northern corner of Renostewraak 385, Navarre 383, Radyn 382 and Welwitschia Townlands 416 to a point on the eastern limit of the surveyed erven of the Township of Welwitschia 686, southeast of erf No. 48.

No. 18 van 1960.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf* van die Ordonnansie op Paaie 1953 (Ordonnansie 17 van 1953), verklaar ek hierby dat Publieke Pad 2775 in die distrikte Outjo en Otjiwarongo, beskryf in Bylae III van Proklamasie 38 van 1956, 'n publieke pad met die status van 'n Distrikspad is.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie 12de dag van Maart 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrateur.

No. 18 of 1960.]

Under and by virtue of the powers in me vested by Section *five* of the Roads Ordinance, 1953 (Ordinance 17 of 1953), I do hereby declare that Public Road 2775 in the districts of Outjo and Otjiwarongo, described in Schedule III of Proclamation 38 of 1956, shall be a Public Road with the status of District Road.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my hand and seal in Windhoek this 12th day of March, 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrator.

No. 19 van 1960.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf* van die Ordonnansie op Paaie 1953 (Ordonnansie 17 van 1953), verklaar ek hierby dat die volgende paaie in die distrik Outjo publieke paaie is:—

PUBLIEKE PAD 3253:

Van 'n punt op Publieke Pad 3212 op die plaas Blaauwpoort 520 algemeen ooswaarts oor die plase Blaauwpoort 520 en Twyfelfontein 534 om aan te sluit by Publieke Pad 3214 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

PUBLIEKE PAD 3254:

Van 'n punt op Publieke Pad 3214 op die plaas Twyfelfontein 534 algemeen suidooswaarts oor die plase Twyfelfontein 534, Blaauwpoort 520 en Verbrandeberg 725 tot by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie 12de dag van Maart 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrateur.

No. 19 of 1960.]

Under and by virtue of the powers in me vested by Section *five* of the Roads Ordinance, 1953 (Ordinance 17 of 1953), I do hereby declare that the following roads in the district of Outjo shall be Public Roads: —

PUBLIC ROAD 3253:

From a point on Public Road 3212 on the farm Blaauwpoort 520 generally eastwards via the farms Blaauwpoort 520 and Twyfelfontein 534 to connect with Public Road 3214 at a point on the last mentioned farm.

PUBLIC ROAD 3254:

From a point on Public Road 3214 on the farm Twyfelfontein 534 generally south-eastwards via the farms Twyfelfontein 534, Blaauwpoort 520 and Verbrandeberg 725 to a point on the last mentioned farm.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my hand and seal in Windhoek this 12th day of March, 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrator.

No. 20 van 1960.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf* van die Ordonnansie op Paaie 1953 (Ordonnansie 17 van 1953), verklaar ek hierby dat Publieke Pad 1410, beskryf in Bylae II van Proklamasie 44 van 1955 gesluit is en dat die volgende pad in distrik Windhoek Publieke Pad 1410 is:—

Van 'n punt op Grootpad 52 op die plaas Terra Rossa 359 algemeen noord- en noordweswaarts oor die plase Terra Rossa 359 en Ganams 316 om aan te sluit by Publieke Pad 1417 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie 12de dag van Maart 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrateur.

No. 20 of 1960.]

Under and by virtue of the powers in me vested by Section *five* of the Roads Ordinance, 1953 (Ordinance 17 of 1953), I do hereby declare that Public Road 1410 as described in Schedule II of Proclamation 44 of 1955 shall be closed and that the following road in the district of Windhoek shall be Public Road 1410:—

From a point on Main Road 52 on the farm Terra Rossa 359 generally north- and northwestwards via the farms Terra Rossa 359 and Ganams 316 to connect with Public Road 1417 at a point on the last mentioned farm.

GOD SAVE THE QUEEN

Given under my hand and seal in Windhoek this 12th day of March, 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrator.

No. 21 van 1960.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf* van die Ordonnansie op Paaie 1953 (Ordonnansie 17 van 1953), verklaar ek hierby dat die paaie in die distrikte Windhoek, Rehoboth, Gobabis en Karibib beskryf in Bylae I hiervan gesluit is, die paaie beskryf in Bylae II Publieke Paaie is, die paaie beskryf in Bylae III Publieke Paaie met die status van Distrikspad is en die pad be-

No. 21 of 1960.]

Under and by virtue of the powers in me vested by Section *five* of the Roads Ordinance, 1953 (Ordinance 17 of 1953), I do hereby declare that the roads in the districts of Windhoek, Rehoboth, Gobabis and Karibib described in Schedule I hereto shall be closed, the roads described in Schedule II shall be Public Roads, the roads described in Schedule III shall be Public Roads with the status of District Road, and the road described in Sche-

skryf in Bylae IV 'n verlenging van Grootpad 51, beskryf in Bylae II van Proklamasie 36 van 1953, is.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie 12de dag van Maart 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrator.

BYLAE I.

Beskrywing van Pad.

Die pad beskryf as verlenging van Distrikspad 1219 in Bylae III van Proklamasie 44 van 1955.

Die pad beskryf as Distrikspad 1221 in Bylae III van Proklamasie 46 van 1954.

Die pad beskryf as verlenging van Distrikspad 1221 in Bylae III van Proklamasie 44 van 1955.

Die pad beskryf as Publieke Pad 1222 in Bylae II van Proklamasie 46 van 1954.

Die pad beskryf as verlenging van Publieke Pad 1222 in Bylae II van Proklamasie 44 van 1955.

Die pad beskryf as Distrikspad 1276 in Bylae III van Proklamasie 46 van 1954.

In die distrik Windhoek van 'n punt op Publieke Pad 1448 op die plaas Eschenhof 261 algemeen noordwaarts oor die plase Eschenhof 261, Albano 264 en Lauwater Süd 265 om aan te sluit by Distrikspad 1221 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

Die pad beskryf as Distrikspad 1277 in Bylae III van Proklamasie 46 van 1954.

Die pad beskryf as Publieke Pad 1297 in Bylae II van Proklamasie 46 van 1954.

Die pad beskryf as Distrikspad 1405 in Bylae III

Gedeelte Gesluit

In die distrik Windhoek van 'n punt op Publieke Pad 1448 op die plaas Eschenhof 261 algemeen noordwaarts oor die plase Eschenhof 261, Albano 264 en Lauwater Süd 265 om aan te sluit by Distrikspad 1221 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

Die hele.

Die hele.

Die hele.

Die hele.

Die hele.

Die hele.

In die distrik Rehoboth van 'n punt op Publieke Pad 1291 op die plaas Donkerhoek 397 algemeen noordwaarts oor die plase Donkerhoek 397, Kromhoek 416, wes van die knikbaken verby en al langs die noordoostelike grens en Dagbreek 394 tot by 'n punt op die westelike grens van die laasgenoemde plaas; dan algemeen weswaarts oor die plaas Rostock South 414 vir 'n afstand van ongeveer 4 myl; vandaar algemeen noord-noordooswaarts oor die plaas Rostock South 414 tot by 'n punt op die noordelike grens van die laasgenoemde plaas; dan algemeen noord-noordooswaarts in die distrik van Windhoek oor die plaas Rostock 393 tot by 'n punt naby die opstal op die laasgenoemde plaas; dan algemeen noordweswaarts oor die plaas Rostock 393 om aan te sluit by Grootpad 49 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

Die hele.

Die hele.

Die hele.

dule IV shall be an extension of Main Road 51, described in Schedule II of Proclamation 36 of 1953.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my hand and seal in Windhoek this 12th day of March, 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrator.

SCHEDULE I.

Description of Road.

The road described as Extension of District Road 1219 in Schedule III of Proclamation 44 of 1955.

The road described as District Road 1221 in Schedule III of Proclamation 46 of 1954.

The road described as Extension of District Road 1221 in Schedule III of Proclamation 44 of 1955.

The road described as Public Road 1222 in Schedule II of Proclamation 46 of 1954.

The road described as Extension of Public Road 1222 in Schedule II of Proclamation 44 of 1955.

The road described as District Road 1276 in Schedule III of Proclamation 46 of 1954.

In the district of Rehoboth from a point on Public Road 1291 on the farm Donkerhoek 397 generally northwards via the farms Donkerhoek 397, Kromhoek 416, passing west of the mid boundary beacon and along the northeastern boundary, and Dagbreek 394 to a point on the western boundary of the last mentioned farm; thence generally westwards via the farm Rostock South 414 for a distance of approximately 4 miles; thence generally north-northeastwards via the farm Rostock South 414 to a point on the northern boundary of the last mentioned farm; thence generally north-northeastwards in the district of Windhoek via the farm Rostock 393 to a point near the homestead on the last mentioned farm; thence generally northwestwards via the farm Rostock 393 to connect with Main Road 49 at a point on the said farm.

The road described as District Road 1277 in Schedule III of Proclamation 46 of 1954.

The road described as Public Road 1297 in Schedule II of Proclamation 46 of 1954.

The road described as District Road 1405 in Schedule

Portion closed.

In the district of Windhoek from a point on Public Road 1448 on the farm Eschenhof 261 generally northwards via the farms Eschenhof 261, Albano 264 and Lauwater Süd 265 to connect with District Road 1221 at a point on the last mentioned farm.

The whole.

van Proklamasie 44 van 1955.	Die pad beskryf as Publieke Pad 1420 in Bylae II van Proklamasie 44 van 1955.	Die pad beskryf as Publieke Pad 1423 in Bylae II van Proklamasie 49 van 1959.	Die pad beskryf as Distrikspad 1444 in Bylae III van Proklamasie 44 van 1955.	Die pad beskryf as Publieke Pad 1445 in Bylae II van Proklamasie 44 van 1955.	Die pad beskryf as Distrikspad 1446 in Bylae III van Proklamasie 49 van 1959.	Die pad beskryf as Publieke Pad 1448 in Bylae II van Proklamasie 44 van 1955.	Die pad beskryf as Distrikspad 1474 in Bylae III van Proklamasie 49 van 1959.	Die pad beskryf as Publieke Pad 1499 in Bylae II van Proklamasie 44 van 1955.	Die pad beskryf as Distrikspad 1500 in Bylae II van Proklamasie 8 van 1956.	Die Pad beskryf as Publieke Pad 1787 in Bylae I van Proklamasie 31 van 1954.	Die pad beskryf as verlenging van Distrikspad 1790 in Bylae III van Proklamasie 44 van 1955.
Die hele.	Die hele.	Die hele.	In die distrik van Windhoek van 'n punt op die plaas Marie 228 suid-suidweswaarts oor die plase Marie 228, Lorraine 229 en Olive 240 om aan te sluit by Grootpad 51 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.	Van 'n punt op Grootpad 51 op die plaas Doreen 227 algemeen ooswaarts in die distrik Windhoek oor die plase Doreen 227 en Marie 228 tot by 'n punt op Distrikspad 1444 op die laasgenoemde plaas.	Die hele.	Die hele.	Die hele.	Die hele.	Die hele.	Die hele.	In die distrik van Windhoek van 'n punt op Distrikspad 1790 by sy aansluiting met Distrikspad 1446 op die plaas Faith 242 algemeen noordwaarts oor die plase Faith 242, Gedeelte B van Nina 241 en Gedeelte A van Nina 241 om aan te sluit by Grootpad 51 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.
le III of Proclamation 44 of 1955.	The road described as Public Road 1420 in Schedule II of Proclamation 44 of 1955.	The road described as Public Road 1423 in Schedule II of Proclamation 49 of 1959.	The road described as District Road 1444 in Schedule III of Proclamation 44 of 1955.	The road described as Public Road 1445 in Schedule II of Proclamation 44 of 1955.	The road described as District Road 1446 in Schedule III of Proclamation 49 of 1959.	The road described as Public Road 1448 in Schedule II of Proclamation 44 of 1955.	The road described as District Road 1474 in Schedule III of Proclamation 49 of 1959.	The road described as Public Road 1499 in Schedule II of Proclamation 44 of 1955.	The road described as District Road 1500 in Schedule II of Proclamation 8 of 1956.	The road described as Public Road 1787 in Schedule I of Proclamation 31 of 1954.	The road described as Extension of District Road 1790 in Schedule III of Proclamation 44 of 1955.
of 1955.	The road described as Public Road 1420 in Schedule II of Proclamation 44 of 1955.	The road described as Public Road 1423 in Schedule II of Proclamation 49 of 1959.	The road described as District Road 1444 in Schedule III of Proclamation 44 of 1955.	The road described as Public Road 1445 in Schedule II of Proclamation 44 of 1955.	The road described as District Road 1446 in Schedule III of Proclamation 49 of 1959.	The road described as Public Road 1448 in Schedule II of Proclamation 44 of 1955.	The road described as District Road 1474 in Schedule III of Proclamation 49 of 1959.	The road described as Public Road 1499 in Schedule II of Proclamation 44 of 1955.	The road described as District Road 1500 in Schedule II of Proclamation 8 of 1956.	The road described as Public Road 1787 in Schedule I of Proclamation 31 of 1954.	The road described as Extension of District Road 1790 in Schedule III of Proclamation 44 of 1955.
The whole.	The whole.	The whole.	The whole.	The whole.	The whole.	The whole.	The whole.	The whole.	The whole.	The whole.	The whole.

BYLAE II.

PUBLIEKE PAD 1221:

Van 'n punt op Grootpad 44 naby die opstal op die plaas Klein Nauas 73 algemeen noordooswaarts in die distrik van Rehoboth oor die plaas Klein Nauas 73 tot by 'n punt op die noordwestelike grens van die plaas Goliath 263; dan algemeen oos-noordooswaarts in die distrik Windhoek oor die plase Goliath 263 en Lauwater Süd 265 om aan te sluit by Publieke Pad 1446 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

PUBLIEKE PAD 1277:

In die distrik van Rehoboth van 'n punt op Publieke Pad 1291 op die plaas Donkerhoek 397 algemeen noordwaarts oor die plase Donkerhoek 397, Kromhoek 416,

SCHEDELE II.

PUBLIC ROAD 1221:

From a point on Main Road 44 near the homestead on the farm Klein Nauas 73 generally northeastwards in the district of Rehoboth via the farms Klein Nauas 73 to a point on the northwestern boundary of the farm Goliath 263; thence generally eastnortheastwards in the district of Windhoek via the farms Goliath 263 and Lauwater Süd 265 to connect with Public Road 1446 at a point on the last mentioned farm.

PUBLIC ROAD 1277:

In the district of Rehoboth from a point on Public Road 1291 on the farm Donkerhoek 397 generally northwards via the farms Donkerhoek 397, Kromhoek 416, pas-

wes van die knikbaken verby en al langs die noordooste-like grens, en Dagbreek 394 tot by 'n punt op die weste-like grens van die laasgenoemde plaas; dan algemeen weswaarts oor die plaas Rostock South 414 vir 'n afstand van ongeveer 4 myl; dan algemeen noord-noordooswaarts oor die plaas Rostock South 414 tot by 'n punt op die noordelike grens van die laasgenoemde plaas; dan voort-gaande in die distrik Windhoek algemeen noordooswaarts oor die plase Rostock 393, noordwestelike hoek van Dagbreek 394 en Berghof 222 om aan te sluit by Grootpad 49 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

PUBLIEKE PAD 1405:

In die distrik Windhoek van 'n punt op Distrikspad 1958 op die plaas Berlin 325 algemeen weswaarts oor die plase Berlin 325 en Hureb North 313 tot by 'n punt op die laasgenoemde plaas; dan algemeen wes-suidweswaarts oor die plase Hureb North 313 en Keises 312 tot by 'n punt op die westelike grens van die laasgenoemde plaas; dan algemeen weswaarts in die distrik van Karibib oor die plaas Davetsaub 29 om aan te sluit by Distrikspad 1953 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

VERLENGING VAN PUBLIEKE PAD 1445:

Van 'n punt op Publieke Pad 1445 op die plaas Marie 228 algemeen suid-suidweswaarts in die distrik van Windhoek oor die plase Marie 228, Loraine 229 en Olive 240 om aan te sluit by Grootpad 51 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

PUBLIEKE PAD 1446:

In die distrik Windhoek van 'n punt op Distrikspad 1448 op die plaas Eschenhof 261 algemeen noordwaarts oor die plase Eschenhof 261, Albano 264, Lauwater Süd 265, Lauwater West 251 en Lauwater Ost 252 tot by 'n punt op die laasgenoemde plaas; dan algemeen ooswaarts oor die plase Lauwater Ost 252 en Achenib 247 om aan te sluit by Grootpad 48 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

PUBLIEKE PAD 1500:

In die distrik van Windhoek van 'n punt op Distrikspad 1506 op die plaas Scheidthof 293 algemeen wesoordweswaarts oor die plase Scheidthof 293 en Gannavakte 291 om aan te sluit by Distrikspad 1472 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

BYLAE III.

DISTRIKSPAD 1420:

Van 'n punt op Grootpad 52 op die plaas Baumgartsbrunn 15 algemeen noord-noordooswaarts in die distrik Windhoek oor die plase Baumgartsbrunn 15, Otjompaué Süd 40, Baumgartsbrunn 15, Baumgartsbrunn Wes 333, Gedeelte I van Hochfels 41, Khomas 334 en Khomaskop 354 tot by 'n punt op die laasgenoemde plaas, dan algemeen noord-noodooswaarts oor die plase Khomaskop 354, plaas nr. 335 en Okariro 282 tot by 'n punt op die laasgenoemde plaas; dan algemeen noord-noordwes- en noordwaarts oor die plase Okariro 282, noordoostelike hoek van plaas nr. 335, Okatore 336 en Westy 351 tot by 'n punt op die noordelike grens van die laasgenoemde plaas.

DISTRIKSPAD 1423:

Van 'n punt op Grootpad 51 op die plaas Gedeelte 2 van Achenib 247 algemeen ooswaarts in die distrik Windhoek oor die plase Gedeelte 2 van Achenib 247, Evril 244 en Endlich 245 tot by 'n punt op die laasgenoemde plaas; dan algemeen noord- en noodooswaarts oor die plase Endlich 245 en Evril 244 tot by 'n punt op die noordooste-like grens van die laasgenoemde plaas; dan algemeen noordwaarts in die distrik Gobabis oor die plase Illinois 39 en Tara 41 om aan te sluit by Distrikspad 1790 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

VERLENGING VAN DISTRIKSPAD 1444:

Van 'n punt op Distrikspad 1444 op die plaas Marie 228 algemeen weswaarts in die distrik Windhoek oor die plase Marie 228 en Doreen 227 om aan te sluit by Grootpad 51 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

sing west of the mid boundary beacon and along the northeastern boundary, and Dagbreek 394 to a point on the western boundary of the last mentioned farm; thence generally westwards via the farm Rostock South 414 for a distance of approximately 4 miles; thence generally north-northeastwards via the farm Rostock South 414 to a point on the northern boundary of the last mentioned farm; thence continuing in the district of Windhoek generally northeastwards via the farms Rostock 393, north-western corner of Dagbreek 394 and Berghof 222 to connect with Main Road 49 at a point on the last mentioned farm.

PUBLIC ROAD 1405:

In the district of Windhoek from a point on District Road 1958 on the farm Berlin 325 generally westwards via the farms Berlin 325 and Hureb North 313 to a point on the last mentioned farm; thence generally westsouthwestwards via the farms Hureb North 313 and Keises 312 to a point on the western boundary of the last mentioned farm; thence generally westwards in the district of Karibib via the farm Davetsaub 29 to connect with District Road 1953 at a point on the last mentioned farm.

EXTENSION OF PUBLIC ROAD 1445:

From a point on Public Road 1445 on the farm Marie 228 generally south-southwestwards in the district of Windhoek via the farms Marie 228, Loraine 229 and Olive 240 to connect with Main Road 51 at a point on the last mentioned farm.

PUBLIC ROAD 1446:

In the district of Windhoek from a point on District Road 1448 on the farm Eschenhof 261 generally northwards via the farms Eschenhof 261, Albano 264, Lauwater Süd 265, Lauwater West 251 and Lauwater Ost 252 to a point on the last mentioned farm; thence generally eastwards via the farms Lauwater Ost 252 and Achenib 247 to connect with Main Road 48 at a point on the last mentioned farm.

PUBLIC ROAD 1500:

In the district of Windhoek from a point on District Road 1506 on the farm Scheidthof 293 generally west-northwestwards via the farms Scheidthof 293 and Gannavakte 291 to connect with District Road 1472 at a point on the last mentioned farm.

SCHEDULE III.

DISTRICT ROAD 1420:

From a point on Main Road 52 on the farm Baumgartsbrunn 15 generally north-northeastwards in the district of Windhoek via the farms Baumgartsbrunn 15, Otjompaué Süd 40, Baumgartsbrunn 15, Baumgartsbrunn Wes 333, Portion 1 of Hochfels 41, Khomas 334 and Khomaskop 354 to a point on the last mentioned farm; thence generally north-northeastwards via the farms Khomaskop 354, farm No. 335 and Okariro 282 to a point on the last mentioned farm; thence generally north-northwest- and northwards via the farms Okariro 282, northeastern corner of farm No. 335, Okatore 336 and Westy 351 to a point on the northern boundary of the last mentioned farm.

DISTRICT ROAD 1423:

From a point on Main Road 51 on the farm Portion 2 of Achenib 247 generally eastwards in the district of Windhoek via the farms Portion 2 of Achenib 247, Evril 244 and Endlich 245 to a point on the last mentioned farm; thence generally north- and northeastwards via the farms Endlich 245 and Evril 244 to a point on the northeastern boundary of the last mentioned farm; thence generally northwards in the district of Gobabis via the farms Illinois 39 and Tara 41 to connect with District Road 1790 at a point on the last mentioned farm.

EXTENSION OF DISTRICT ROAD 1444:

From a point on District Road 1444 on the farm Marie 228 generally westwards in the district of Windhoek via the farms Marie 228 and Doreen 227 to connect with Main Road 51 at a point on the last mentioned farm.

DISTRIKSPAD 1448:

Van 'n punt op Grootpad 44 naby die opstal op die plaas Klein Nauas 73 algemeen oos-suidooswaarts in die distrik Rehoboth oor die plaas Klein Nauas 73 tot by 'n punt op die oostelike grens van genoemde plaas; dan algemeen ooswaarts in die distrik Windhoek oor die plase Kiripotib 262 en Gedeelte A van Kiripotib 262 tot by 'n punt op die laasgenoemde plaas; dan algemeen oos-noordooswaarts oor die plase Gedeelte A van Kiripotib 262, Eschenhof 261, Gedeelte 2 genoem Carolahof, van Nonikam 253, Gedeelte 5 genoem Omukaru van Nonikam 253, suidoostelike hoek van Nonikam 253, Gedeelte 4 van Nonikam 253 en Eulenruh 254 om aan te sluit by Grootpad 48 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

DISTRIKSPAD 1499:

Van 'n punt naby Otjihavera Spoorweg sylyn op Gedeelte A van Klein Okapuka 51 algemeen suidweswaarts in die distrik van Windhoek oor die plaas Gedeelte A van Klein Okapuka 51 tot by 'n punt op genoemde plaas; dan algemeen weswaarts oor die plase Gedeelte A van Klein Okapuka 51, Triangle 47 en Otjiseva 45 om aan te sluit by Distrikspad 2107 by 'n punt naby die opstal op die laasgenoemde plaas.

VERLENGING VAN DISTRIKSPAD 1506:

Van 'n punt op Distrikspad 1808 op die plaas Arnhem 222 algemeen weswaarts in die distrik Windhoek oor die plase Arnhem 222 en Scheidthof 293 om aan te sluit by Distrikspad 1506 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

DISTRIKSPAD 1517:

In die distrik Windhoek van 'n punt op Grootpad 36 op die plaas Rostock 393 algemeen suidooswaarts oor die plaas Rostock 393 om aan te sluit by Publieke Pad 1277 by 'n punt naby die opstal op genoemde plaas.

DISTRIKSPAD 1518:

In die distrik Windhoek van 'n punt op Grootpad 49 naby die noordelike grens van die plaas Chausib 27 algemeen suid-suidooswaarts oor die plase Chausib 27 en Picadilly 221 om aan te sluit by Distrikspad 1278 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

VERLENGING VAN DISTRIKSPAD 1958:

Van 'n punt op Distrikspad 1958 op die plaas Berlin 325 algemeen ooswaarts in die distrik Windhoek oor die plase Berlin 325 en Glynberg 326 tot by 'n punt op die laasgenoemde plaas; dan algemeen suid-suidooswaarts oor die plase Glynberg 326; Khomaskop 354, Bulow 327, Khomaskop 354, noordoostelike hoek van Heusis 329 en Neuheusis 332 om aan te sluit by Grootpad 52 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

BYLAE IV.**VERLENGING VAN GROOTPAD 51:**

In die distrik Windhoek van 'n punt op Grootpad 51 op die plaas Gedeelte A van Nina 241 algemeen suid- en suidweswaarts oor die plase Gedeelte A van Nina 241, Gedeelte B van Nina 241, Faith 242, Hope 243, Gedeelte A van Achenib 247, Gedeelte 2 van Achenib 247 en Gedeelte A van Achenib 247 om aan te sluit by Grootpad 48 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

No. 22 van 1960.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf* van die Ordonnansie op Paaie 1953 (Ordonnansie 17 van 1953), verklaar ek hierby dat die volgende pad in die distrik van Warmbad Publieke Pad 310 is:—

Van 'n punt naby die opstal op die plaas Melkbos 251 algemeen suidooswaarts oor die plase Melkbos 251 en Norachas 14 om aan te sluit by Hoofpad 1 — Seksie 1 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie 12de dag van Maart 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrator.

DISTRICT ROAD 1448:

From a point on Main Road 44 near the homestead on the farm Klein Nauas 73 generally east-southeastwards in the district of Rehoboth via the farm Klein Nauas 73 to a point on the eastern boundary of the said farm; thence generally eastwards in the district of Windhoek via the farms Kiripotib 262 and Portion A of Kiripotib 262 to a point on the last mentioned farm; thence generally eastnortheastwards via the farms Portion A of Kiripotib 262, Eschenhof 261, Portion 2 called Carolahof, of Nonikam 253, Portion 5 called Omukaru of Nonikam 253, southeastern corner of Nonikam 253, Portion 4 of Nonikam 253 and Eulenruh 254 to connect with Main Road 48 at a point on the last mentioned farm.

DISTRICT ROAD 1499:

From a point near Otjihavera Railway siding on Portion A of Klein Okapuka 51 generally southwestwards in the district of Windhoek via the farm Portion A of Klein Okapuka 51 to a point on the said farm; thence generally westwards via the farms Portion A of Klein Okapuka 51, Triangle 47 and Otjiseva 45 to connect with District Road 2107 at a point near the homestead on the last mentioned farm.

EXTENSION OF DISTRICT ROAD 1506:

From a point on District Road 1808 on the farm Arnhem 222 generally westwards in the district of Windhoek via the farms Arnhem 222 and Scheidthof 293 to connect with District Road 1506 at a point on the last mentioned farm.

DISTRICT ROAD 1517:

In the district of Windhoek from a point on Main Road 36 on the farm Rostock 393 generally southeastwards via the farm Rostock 393 to connect with Public Road 1277 at a point near the homestead on the said farm.

DISTRICT ROAD 1518:

In the district of Windhoek from a point on Main Road 49 near the northern boundary of the farm Chausib 27 generally south-southeastwards via the farms Chausib 27 and Picadilly 221 to connect with District Road 1278 at a point on the last mentioned farm.

EXTENSION OF DISTRICT ROAD 1958:

From a point on District Road 1958 on the farm Berlin 325 generally eastwards in the district of Windhoek via the farms Berlin 325 and Glynberg 326 to a point on the last mentioned farm; thence generally south-southeastwards via the farms Glynberg 326, Khomaskop 354, Bulow 327, Khomaskop 354, northeastern corner of Heusis 329 and Neuheusis 332 to connect with Main Road 52 at a point on the last mentioned farm.

SCHEDULE IV.**EXTENSION OF MAIN ROAD 51:**

In the district of Windhoek from a point on Main Road 51 on the farm Portion A of Nina 241 generally south- and southwestwards via the farms Portion A of Nina 241, Portion B of Nina 241, Faith 242, Hope 243, Portion A of Achenib 247, Portion 2 of Achenib 247 and Portion A of Achenib 247 to connect with Main Road 48 at a point on the last mentioned farm.

No. 22 of 1960.]

Under and by virtue of the powers in me vested by Section *five* of the Roads Ordinance 1953, (Ordinance 17 of 1953), I do hereby declare that the following road in the district of Warmbad shall be Public Road 310:—

From a point near the homestead on the farm Melkbos 251 generally southeastwards via the farms Melkbos 251 and Norachas 14 to connect with Trunk Road 1 — Section 1 at a point on the last mentioned farm.

GOD SAVE THE QUEEN

Given under my hand and seal in Windhoek this 12th day of March, 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrator.

Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

C. F. MARAIS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

C. F. MARAIS,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 61.]

]1 April 1960.

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens en ingevolge die bevoegdhede hom verleen by artikel *een-honderd-en-sestig*, gelees met artikel *een-honderd negen-en-negentig* van die Munisipale Ordonnansie 1949 (Ordonnansie 3 van 1949), soos gewysig, sy goedkeuring te heg aan die onderstaande regulasies in aanvulling by die regulasies betreffende slagterye, vleisinspeksie, ens., afgeskondig ingevolge artikel 115 van die Volksgesondheidswet No. 36 van 1919 soos van toepassing op Suidwes-Afrika ingevolge Proklamasie No. 36 van 1920.

MUNISIPALITEIT VAN WALVISBAAI.

VLEIS- EN SLAGPLAAS-REGULASIES.

HOOFSTUK I

VLEIS.

WOORDOMSKRYWING:

1. Vir die toepassing van hierdie regulasies, tensy die sinsverband andersins aandui, beteken: —

„Dier” — iedere bul, os, jongos, koei, vers, tollie, kalf, skaap, lam, bok, vark of ander viervoetige dier wat gewoonlik vir menslike voedings gebruik word.

„Hoofgesondheidsinspekteur” — die persoon wat van tyd tot tyd die betrekking beklee of in die hoedanigheid optree.

„Munisipaliteit” — die gebied of distrik wat binne die beheer en regsmag van die Stadsraad van Walvisbaai ressorteer.

„Raad” — die Stadsraad van Walvisbaai.

36. The Council may from time to time formulate rules not inconsistent with these regulations, for the more efficient working of the Abattoir, which rules must be duly posted up in a conspicuous place on the premises and must be observed by all persons using the Abattoir.

ANIMALS OR BIRDS ENTERING ABATTOIR:

37. No person shall bring into the Abattoir any dog, cat or fowl or any bird or animal which is not intended for immediate slaughtering, dressing or destruction without the permission of the Superintendent.

INTOXICATING LIQUORS:

38. No person shall bring or cause to be brought into the Abattoir any intoxicating liquors of any kind. No intoxicated person shall enter or remain in any part of the Abattoir.

VERMORSING VAN WATER.

39. Niemand wat in die Slagplaas werksaam is, of enige ander persoon, mag moedswillig of op 'n natalige wyse, water in die Slagplaas vermors nie.

INSTRUKSIES VAN SUPERINTENDENT.

40. Iedereen wat van die Slagplaas gebruik maak of daarin werksaam is, moet die bevele van die Mediese Gesondheidsbeampete of sy plaasvervanger of die Superintendent gehoorsaam. Enige persoon wat weier om die bevele van 'n gemagtigde amptenaar van die Raad uit te voer, of wat hom daarvan bemoei, sal skuldig wees aan 'n oortreding en kan uit die Slagplaasverwyder word.

SINDELIKHEID VAN WERKSMENSE.

41. Iedereen wat in die Slagplaas werksaam is, moet by verlating van die Slagplaas sy slagtersklere uittrek en alle tekens van bloed en vullis van sy persoon verwijder. Elkeen wat in die slagplaas werksaam is, moet tot bevrediging van die Superintendent sorg dat sy klere en persoon skoon is, en moet in sy werk 'n slagtersjas of oorkleed dra wat deur die Superintendent goedgekeur is.

OORLAS.

42. Niemand mag in die Slagplaas spuug of 'n oorlas veroorsaak of wees nie.

REËLINGS VAN VERKEER.

43. Die Superintendent sal van tyd tot tyd al na hy dit nodig ag, die snelheid waarmee verkeer in en uit die Slagplaas of daarbinne mag ry, reël.

STAANPLEKKE VIR VOERTUIE.

44. (a) Alle karre, waens en ander voertuie in die Slagplaas moet op sulke plekke staan soos deur die Superintendent aangewys word;

(b) niemand sal toelaat dat sy kar, wa of ander voertuig die ruimte voor of in die laaivertrek inneem nie, behalwe wanneer so 'n kar, wa of ander voertuig gelaaï word.

KLEED- EN BADKAMERS.

45. Niemand, behalwe persone in diens van die Raad, en persone wat kragtens hierdie regulasies behoorlik toegelaat is, mag gebruik maak van enige kleed- of badkamer waarvoor die Raad in die Slagplaas voorsiening gemaak het nie.

RAAD NIE AANSPREEKLIK VIR ENIGE VERLIES OF SKADE.

46. Die Raad sal onder geen omstandighede verantwoordelik wees vir enige skade aan of besering of verlies van enige dier of vir enige skade aan of verlies van enige karkas of karkasse, velle en huide of enige ander voorwerp of ding in die Slagplaas, of vir enige ongeluk of besering wat ookal die oorsaak daarvan mag wees, aan enige slakter of ander persoon wat nie in diens van die Raad is nie.

VERLORE EIENDOM.

47. Enigeen wat enige verlore goedere in die Slagplaas vind, moet dit onmiddellik oorhandig aan die Superintendent wat dan 'n aantekening daarvan moet maak.

DOBBEL, VLOEK ENS. VERBODE.

48. Niemand mag in die Slagplaas dobbel of heftige, beledigende, aanstootlike of liederlike taal gebruik of hom andersins aan wangedrag skuldig maak nie.

BULLE EN ANDER GEVAARLIKE DIERE.

49. Die eienaar van enige bul of ander gevaarlike dier, sal aanspreeklik gehou word vir enige skade of besering aan enige persoon, dier of eiendom, veroorsaak deur so 'n bul of ander gevaarlike dier terwyl dit in die Slagplaas is.

DIE VOER VAN DIERE.

50. Niemand wat die eienaar is van enige dier, pluimvee of voël wat in die Slagplaas gebring is of met sodaneige dier, pluimvee of voël belas is, mag dit langer as 18 uur in die Slagplaas laat bly sonder om dit van voldoende voedsel en water te voorsien nie. In geval van versuim

WASTING OF WATER:

39. No person engaged in the Abattoir, or any other person, shall wilfully or carelessly waste water at the Abattoir.

INSTRUCTIONS OF SUPERINTENDENT:

40. Every person making use of or who is employed in the Abattoir, shall obey the instructions of the Medical Officer of Health or his deputy or the Superintendent. Every person who refuses to obey the instructions of an authorised official of the Council or who interferes therewith, shall be guilty of an offence and can be removed from the Abattoir.

CLEANLINESS OF WORKMEN:

41. Every person working in the Abattoir, shall when leaving, remove his kit, and shall also remove all traces of blood and filth from his person. Every person engaged in the Abattoir shall to the satisfaction of the Superintendent observe cleanliness in his attire and person, and in his operations shall wear a butcher's coat or overall of a pattern approved of by the Superintendent.

NUISANCES:

42. No person shall spit or create or be a nuisance within the Abattoir.

REGULATION OF TRAFFIC:

43. The Superintendent shall regulate from time to time as he may consider necessary, the rate of speed at which traffic shall pass into and out of or drive within the Abattoir.

STANDS FOR VEHICLES:

44. (a) All carts, wagons and other vehicles within the Abattoir shall stand at such places as the Superintendent may allot.

(b) No person shall permit his cart, wagon or other vehicle to occupy the space in front of or in the loading bay, except while such cart, wagon or other vehicle is being loaded.

DRESSING-, BATH- AND SHOWERROOMS:

45. No person, except employees of the Council or other person or persons who have been duly authorized in terms of these Regulations, shall use any dressing-, bath- or showerroom provided by the Council within the Abattoir.

COUNCIL NOT LIABLE FOR ANY LOSS OR DAMAGE:

46. The Council shall not be liable in any circumstances for any damage or injury to or loss of any animal nor for any damage to or loss of any carcase or carcases, skins and hides, or any other article or thing while within the Abattoir, nor for any accident or injury from any cause whatsoever to any slaughterman or other person who is not an employee of the Council.

LOST PROPERTY:

47. Any person finding any unclaimed property within the Abattoir shall immediately hand it over to the Superintendent, who shall keep a record thereof.

GAMBLING AND OBSCENE LANGUAGE PROHIBITED:

48. No person shall gamble or use violent, abusive, obscene or offensive language, or otherwise misconduct himself within the Abattoir.

BULLS AND OTHER DANGEROUS ANIMALS:

49. The owner or every bull or other dangerous animal shall be responsible for any damage or injury to any person, animal or property, caused by such bull or other dangerous animal while in the Abattoir.

FEEDING OF ANIMALS:

50. No person being the owner or a person for the time being in charge of any animal, fowl, or bird, brought into the Abattoir, shall suffer such animal to remain within the Abattoir for more than 18 hours without supplying it with sufficient food and water.

om aan hierdie regulasie te voldoen, kan die Superintendent, as hy dit nodig ag, voedsel en water verskaf en die koste daarvan van sodanige eienaar of persoon vorder, wat buitendien strafbaar sal wees met die boete hierin later vasgestel.

TOEBEREIDING VAN PENS, AFVAL ENS.

51. Alle pote, pense, afval en ander ingewande van alle diere, moet vir die mark voorberei word in die skraapkamer. Alle pensmis moet gestort word in die houer wat vir die doel voorsien is.

WEGRUIM VAN AFVAL ENS.

52. Geen pote, pense, afval of ander ingewande sal oorhang in die slagvertrek gelaat word nie, en alle pote, pense, afval of ander ingewande wat nie onmiddellik vir toebereiding na die skraapkamer verwyder word nie, sal weggeruim word soos deur die Superintendent gelas.

TYD WAT VLEIS MAG HANG.

53. Die maksimum tydperk van die hang van geslagte diere in die hangvertrek, is twee (2) uur, nadat dit geïnspekteer is.

WEGRUIMING VAN BESMETTE OF BEDORWE VLEIS .

54. Indien dit by ondersoek die Superintendent voorkom dat enige karkas of gedeelte daarvan besmet, bedorf, ongesond of vir menslike voedsel ongeskik is, kan hy sodanige karkas of gedeelte daarvan in beslag neem, afkeur en vernietig.

VERGOEDING.

55. Geen skadevergoeding sal betaal word vir enige karkas of gedeelte daarvan wat aldus in beslag geneem, afgekeur en vernietig word nie.

DRA VAN OORPAKKE ENS.

56. (a) Alle persone wat in die slagplaas werk of andersins vleis hanteer moet geklee wees in geskikte skoon oorpakke of jasse van lichtkleurige wasbare materiaal tot die bevrediging van die Superintendent;

(b) niemand mag in die slagplaas 'n karkas of vleis op sy skouers dra tensy hy 'n geskikte skoon baadjie van lichtkleurige, waterdigte materiaal oor sy oorpak aan het en sy hoof bedek is met 'n geskikte mus;

(c) die Superintendent het die reg om enige persoon wat volgens sy mening nie behoorlik geklee is kragtens die bepalings van subartikels (a) en (b) van hierdie regulasie nie, te verbied om karkasse of vleis in die Slagplaas te hanteer.

DIERE WAT DOODGAAN IN DIE SLAGPLAAS.

57. Die karkas van enige dier wat in die Slagplaas doodgaan, behalwe deur slagting, sal die eiendom van die Raad word.

SLAGPROGRAM.

58. Die Superintendent reël 'n slagprogram wat by die goede werkverrigting van die Slagplaas inpas. Niemand mag met sodanige slagprogram immeng nie.

HUIDE EN VELLE.

59. Alle huide en velle moet onmiddellik na slagting uit die slagvertrek verwijder word en na die huide en vellekamers wat by die Slagplaas voorsien is geneem word vir verwerking.

STRAFBEPALING.

60. Enige persoon wat enige bepaling van hierdie regulasies oortree sal by skuldigbevinding strafbaar wees met 'n boete van hoogstens £100, of, by wanbetaling, met 'n gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens drie maande en, in die geval van 'n aanhoudende oortreding, 'n verdere boete van 40/- vir elke dag wat die oortreding voortduur.

61. Die regulasies aangekondig onder Goewermentskennisgewing No. 76 van 1933, soos gewysig by Goewermentskennisgewings Nos. 144 van 1936, 174 van 1952,

In the event of failure to observe this regulation, the Superintendent may supply food and water when he considers it necessary and recover the cost thereof from such owner or person, who shall, in addition, be liable to the penalty hereinafter provided.

PREPARATION OF TRIPE, OFFAL, ETC:

51. All feet, tripe, offal and other entrails of all animals shall be prepared for the market in the tripery. All paunch contents shall be placed in the container provided for this purpose.

DISPOSAL OF OFFAL ETC:

52. No feet, tripe, offal or other entrails shall be left in the slaughter hall overnight and all feet, tripe, offal or other entrails not immediately removed to the tripery for preparation shall be disposed of in such manner as the Superintendent may direct.

DURATION OF HANGING:

53. The maximum period which slaughtered animals may hang in the hanging hall, shall be (2) hours after inspection.

DISPOSAL OF DISEASED OR UNSOUND MEAT:

54. If it appears on examination by the Superintendent that any carcase or part thereof is diseased or unsound or unwholesome or unfit for the food of man, he may seize, condemn and destroy such carcase or portion of a carcase.

COMPENSATION:

55. No compensation shall be paid for any carcase or portion of a carcase which has been so seized, condemned and destroyed.

WEARING OF OVERALLS ETC:

56. (a) All persons employed in the abattoir or otherwise handling meat shall be clad in suitable, clean overalls or coats of a light coloured, washable material to the satisfaction of the Superintendent.

(b) No person shall, in the abattoir, carry a carcase or meat on his shoulders unless he wears a suitable clean coat of a light coloured waterproof material over his overall and his head is covered with a suitable cap.

(c) The Superintendent has the right to prohibit any person to handle carcases or meat in the abattoir if such person is in his opinion not properly clad in terms of sub-regulations (a) and (b) of this regulation.

ANIMALS DYING WITHIN THE ABATTOIR:

57. The carcase of any animal dying within the abattoir otherwise than by slaughtering shall become the property of the Council.

SLAUGHTERING PROGRAMME:

58. The Superintendent shall arrange a slaughtering programme to fit in with the efficient management of the abattoir. No person shall interfere with such a slaughtering programme.

HIDES AND SKINS:

59. All hides and skins shall immediately after slaughtering be removed from the slaughter hall and be taken to the hides and skins rooms provided at the abattoir for processing.

PENALTY CLAUSE:

60. Any person found guilty of any contravention of these regulations shall, upon conviction, be liable to a fine not exceeding £100, and, in default of payment, to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding three months, and, in the case of a continuing contravention, to a further penalty of 40/- for each day the contravention continues.

61. The Regulations published under Government Notice No. 76 of 1933, as amended by Government Notices Nos.

77 van 1956, 308 van 1958, 123 en 153 van 1959, word hierby herroep.

62. Hierdie regulasies sal in werking tree vanaf die eerste dag van April 1960.

BYLAE „A”.

(a) Slag, Inspeksie en Kraalgelde:

Beeste — 100 lb. gewig en meer (per kop)	£1. 3. 6
Kalwers — onder 100 lb. gewig (per kop)	8. 6
Skape en Bokke (per kop)	6.10
Varke — 100 lb. gewig en meer (per kop)	17. 0
Varke — onder 10 lb. gewig (per kop)	10. 0

(b) Bevriesingsfooie:

(i) Vir elke karkas of gedeelte van 'n karkas onder 100 lb.	£1.10. 0 per 14 dae
(ii) Vir elke karkas of gedeelte van 'n karkas bo 100 lb.	£3. 0. 0 per 14 dae

(c) Was en skoonmaak van voertuie:

Per kaartjie wat die houer die reg sal gee om 'n voertuig eenmaal te was en/of skoon te maak	6d.
--	-----

(d) Inspeksiegeld:

Vir die ondersoek van karkasse wat van buite ingebring is:—

(i) Per karkas of deel van 'n karkas van minder as 100 lb. in gewig	3. 0. elk
(ii) Per karkas of deel van 'n karkas van 100 lb. gewig en meer	5. 0. elk

(e) Afvalbewerkingsgeld:

Vir die skoonmaak van skaap en bok afvalle (uitgesonderd dié van slagters) op dae en tye wat deur die Superintendent bepaal word 2. 6. per afval

(f) Huide en Vellekamers:

Vir die gebruik van die huide en vellekamers (per kamer per maand of gedeelte) 4.15. 0

(g) Voerstoer:

Vir die gebruik van die voerstoer (per afdeling per maand of gedeelte) 2. 3. 0

144 of 1936, 174 of 1952, 77 of 1956, 308 of 1958, 123 and 153 of 1959, are hereby repealed.

62. These regulations will come into force with effect from the 1st day of April, 1960.

ANNEXURE "A".

(a) Slaughtering, Inspection and Lairage Fees:

Cattle 100 lbs. weight and over (per head)	£1. 3. 6
Calves under 100 lbs. weight (per head)	8. 6
Sheep and Goats (per head)	6.10
Pigs - 100 lbs. weight and over (per head)	17. 0
Pigs under 100 lbs. weight (per head)	10. 0

(b) Freezing Fees:

(i) For every carcase or portion of a carcase of less than 100 lbs.	£1.10. 0 per 14 days
(ii) For every carcase or portion of a carcase of 100 lbs. and over	£3. 0. 0 per 14 days

(c) Washing and Cleaning of Vehicles:

Per ticket which shall entitle the holder to have a vehicle washed and/or cleaned once 6d.

(d) Inspection Fees:

For inspecting carcases introduced from outside	
(i) Per carcase or portion of a carcase of less than 100 lbs. in weight	3. 0
(ii) Per carcase or portion of a carcase of 100 lbs. in weight and over	5. 0

(e) Fees for dressing of Offal:

For the dressing of sheep and goat offal (excluding those of butchers) on such days and times as the Superintendent may direct 2. 6 per offal

(f) Hide and Skin Rooms:

For the use of the hide and skin rooms (per room per month or part thereof) 4.15. 0

(g) Fodder Store:

For the use of the fodder store (per section per month or part thereof) 2. 3. 0

No. 62.]

[1 April 1960.

OPHEFFING VAN PRYSBEHEER OP VARSMELK EN INTREKKING VAN PRYSEWENAARSTELSEL.

Dit behaag die Administrateur om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikels *drie* en *vier* van die Ordonnansie op die Beheer van Vars Melk 1957 (Ordonnansie 8 van 1957), Goewermentskennisgewing 31 van 1 Februarie 1960 te herroep met ingang van 10 Februarie 1960.

No. 62.]

[1st April, 1960.

LIFTING OF PRICE CONTROL ON FRESH MILK AND WITHDRAWAL OF PRICE EQUALISATION SCHEME.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by sections *three* and *four* of the Fresh Milk Control Ordinance, 1957, (Ordinance No. 8 of 1957) to repeal Government Notice No. 31 of the 1st February, 1960, with effect from 10th February, 1960.

No. 63.]

[1 April 1960.

ONDERSKEIDINGSTEKEN VIR MOTORVOERTUIE INGEVOLGE ARTIKEL DRIE VAN ORDONNANSIE 17 VAN 1937.

Ter algemene inligting word daar hierby bekend gemaak dat die Sekretaris van die Gebied kragtens regulasie *drie* van die regulasies wat by Goewermentskennisgewing 142 van 3 Augustus 1937 verskyn het, besluit het dat die onderskeidingssteeken wat ingevolge die bepalings van artikel *drie* van die Ordonnansie op Motorvoertuie en Wielbelasting 1937 (Ordonnansie 17 van 1937) uitgereik word, ten opsigte van die tydperk 1 April 1960 tot 31 Maart 1961 die vorm moet hê wat die bylae hiervan aangee en 'n blou kartonstryf ongeveer drie duim in deursnee moet wees met swart letters vir die bewoording en 'n groot rooi syfer „60”.

No. 63.]


[1st April, 1960.

MOTOR VEHICLE BADGE ISSUED UNDER THE PROVISIONS OF SECTION THREE OF ORDINANCE NO. 17 OF 1937.

It is hereby notified for general information that in terms of regulation *three* of the regulations published under Government Notice No. 142 dated the 3rd day of August 1937, the Secretary for the Territory has decided that the badge to be issued under the provisions of section *three* of the Motor Vehicle and Wheel Tax Ordinance, 1937 (Ordinance No. 17 of 1937) shall, for the period 1st April 1960 to 31st March, 1961, be in the form as prescribed in the annexure hereto, and shall be a cardboard disc, approximately three inches in diameter and blue in colour, the wording to be in black and the large figure „60” in red.

BYLAE

ANNEXURE.



No. 64.]

[1st April, 1960.

ONDERSKEIDINGSTEKEN VIR WIELBELASTING INGEVOLGE ARTIKEL TWEE-EN-TWINTIG VAN ORDONNANSIE 17 VAN 1937.

Ter algemene inligting word daar hierby bekend gemaak dat die Sekretaris van die Gebied kragtens regulasie *drie* van die regulasies wat by Goewermentskennisgewing 142 van 3 Augustus 1937 verskyn het, besluit het dat die onderskeidingssteken wat ingevolge die bepalings van artikel *twoe-en-twintig* van die Ordonnansie op Motorvoertuie en Wielbelasting 1937 (Ordonnansie 17 van 1937) uitgereik word, ten opsigte van die tydperk 1 April 1960 tot 31 Maart 1961 die vorm moet hê wat in die bylae hiervan aangegee word, en van vertinde plaat moet wees.

No. 64.]



[1 April 1960.

WHEEL TAX BADGE ISSUED UNDER THE PROVISIONS OF SECTION TWENTY-TWO OF ORDINANCE NO. 17 OF 1937.

It is hereby notified for general information that in terms of regulation *three* of the regulations published under Government Notice No. 142 dated the 3rd. August, 1937, the Secretary for the Territory has decided that the badge to be issued under the provisions of section *twenty-two* of the Motor Vehicle and Wheel Tax Ordinance, 1937 (Ordinance No. 17 of 1937) shall, for the period 1st April, 1960 to 31st March 1961, be in the form prescribed in the Annexure hereto, and shall be in tinned plate.

BYLAE.

ANNEXURE.



No. 65.]

[1 April 1960.

HUWELIKSBEVESTIGERS: HERROEPING VAN AANSTELLINGS.

Dit het die Administrateur behaag om ooreenkomstig sub-artikel (3) van Artikel *vyf* van „De Huweliksvol-

No. 65.]

[1st April, 1960.

MARRIAGE OFFICERS: CANCELLATION OF APPOINTMENTS

The Administrator has been pleased, in terms of sub-section (3) of Section *five* of the Solemnization of

trekkings Proklamatie 1920" (Proklamasie 31 van 1920) sy goedkeuring te heg aan die herroeping van die aanstellings as Huweliksbevestigers vir Suidwes-Afrika van die ondergenoemde persone vanaf die datums vermeld:—

Naam	Kerkgenootskap	Datum
Eerw. W. Loeber.	Rynse Sending, Gobabis.	25/2/1960.
Eerw. U. Kretzer.	Rynse Sending, Windhoek.	25/2/1960.

No. 66.]

[1 April 1960.

Dit het die Administrateur behaag om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel *eenhonderd-en-sestig*, saamgelees met artikel *eenhonderd negen-en-negentig* van die Municipale Ordonnansie 1949 (Ordonnansie 3 van 1949) sy goedkeuring te heg aan die onderstaande regulasies van die Stadsraad Otavi.

DIE MUNISIPALITEIT OTAVI.

WATERLEWERINGSREGULASIES.

1. By die toepassing van hierdie regulasies het die onderstaande woorde en uitdrukings die betekenis wat hierby onderskeidelik aan hulle toegeken word, tensy die sinsverband ander eise stel:—

- (a) „Raad” beteken die Stadsraad van Otavi;
- (b) „perseel” beteken elke gebou, kamer, huurhuis, hut,loods of tent en elke verbonde werf of grond;
- (c) „eienaar” omvat elkeen wat die huurgeld of winste van 'n perseel van die betrokke huurder of bewoner ontvang, of wat sodanige huurgeld of winste sou ontvang indien sodanige perseel verhuur was, hetsy op eie rekening of namens 'n reg- of belanghebbende;
- (d) „verbruiker” beteken 'n bewoner van 'n perseel met wie die Raad 'n kontrak om waterlewering aangegaan het, of enige sodanige bewoner wat water vir sodanige perseel wettig van die Raad verkry;
- (e) „bewoner” beteken elkeen wat 'n perseel mag bewoon, of wat dit werklik bewoon, of (waar 'n perseel onderverdeel en aan loseerders of verskeie huurders verhuur word) die persoon wat die huurgeld ontvang wat sodanige loseerders of huurders skuld, hetsy op eie rekening of namens 'n reg- of belanghebbende;
- (f) die woorde „eienaar”, „bewoner”, „persoon”, „elk een”, „iemand”, „so-iemand”, „enigiemand anders”, „'n ander”, „niemand”, omvat, met betrekking tot 'n firma of vennootskap, almal of een of meer van die lede van sodanige firma of vennootskap, en, met betrekking tot 'n maatskappy of regspersoon, die sekretaris of bestuurder van sodanige maatskappy of liggaam, of diegene wat wettig ingevolge sy konstitusie gemagtig is om sy sake te beheer of te bestuur;
- (g) „huishoudelike doeleinades” omvat elke gewone huishoudelike doel, maar sluit nog die gebruik van 'n masjien of motor, nog die mynbedryf, nog die bespoeling van 'n riool of afleivoor, nog eniglets ter bevordering van 'n bedryf, fabriek of saak, nog die opruiming van 'n pad, paadjie of sypaadjie, nog tuindoeleinades in;
- (h) „hoofpyp” beteken elke pyp, watervoer of ander werk uitsluitend onder Raadsbeheer en wat die Raad aanlê om water aan verbruikers te verskaf, aansluitingspype uitgesonder;
- (i) „aansluitingspyp” beteken elke pyp wat loop vanaf die Raad se hoofpyp na die perseel van 'n verbruiker tot by, en met inbegrip van, die watermeter op sodanige perseel;
- (j) „diens” beteken elke pyp en toestel gebruik vir, of in verband met, die Raad se waterlewering, of daarvoor bestem, en wat op die perseel van die verbruiker geleë is, gereken vanaf, waar buiten, die Raadswatermeters;
- (k) „dienspyp” beteken elke pyp wat by enige diens inbegrepe is;

Marriages Proclamation 1920 (Proclamation No. 31 of 1920) to approve of the revocation of the appointment as Marriage Officers for South West Africa of the undermentioned persons with effect from the dates mentioned:—

Name.	Denomination.	Date.
Rev. W. Loeber.	Rhenish Mission Gobabis.	25/2/1960.
Rev. U. Kretzer	Rhenish Mission Windhoek.	25/2/1960.

No. 66.]

[1st April, 1960.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section *one hundred and sixty* read in conjunction with section *one hundred and ninety-nine* of the Municipal Ordinance, 1949 (Ordinance No. 3 of 1949) to approve of the undermentioned regulations made by the Municipal Council of Otavi.

MUNICIPALITY OF OTAVI.

WATER SUPPLY REGULATIONS.

1. For the purpose of these regulations, the following words and expressions shall have the meanings hereby respectively assigned to them, unless the context otherwise requires:—

- (a) "Council" shall mean the Town Council of Otavi;
- (b) "premises" shall mean any building, room, tenement, hut, shed or tent, and any yard or land in connection therewith;
- (c) "owner" includes any person receiving the rents or profits of any premises from any tenant or occupier or who would receive such rents or profits if such premises were let, whether on his own account or as agent for any person entitled thereto or interested therein;
- (d) "consumer" shall mean the occupier of any premises which the Council has contracted to supply with water or any such occupier lawfully obtained water from the Council for such premises;
- (e) "occupier" shall mean any person entitled to occupy or in actual occupation of any premises and in case of premises subdivided and let to lodgers or various tenants, the person receiving the rent payable by such lodgers or tenants, whether on his own account or as agent for any person entitled thereto or interested therein;
- (f) The words "owner", "occupier" or "person" shall include in the case of a firm or partnership all or any one or more of the members of such firm or partnership and in the case of any company or body, such person or persons as may be empowered in law under its constitution to administer or conduct its affairs;
- (g) "domestic purposes" shall include every kind of ordinary household purpose but shall not include the use of any engine or machine, any mining operations, the flushing of any sewer or drain, purposes connected with any trade, manufacture or business, the cleaning of any road, path or pavement or garden purposes;
- (h) "main" shall mean any pipe, aqueduct or other work under the exclusive control of the Council and used by it for the purpose of conveying water to consumers, but shall not include any communication pipe;
- (i) "communication pipe" shall mean any pipe leading from the Council's mains to the premises of any consumer as far as and including the water meter on such premises;
- (j) "service" shall mean all pipes and apparatus used or intended to be used for or in connection with the supply of water by the Council and situated on the premises of the consumers beyond but not including the Council's water meters;
- (k) "service pipe" shall mean any pipe included in any service;

(1) „inspekteur” beteken elke Raadsdienaar wat behoorlik aangestel is om die diens, aansluitingspype of meters te inspekteer.

2. Hierdie regulasies heet voortaan die „Otavi Waterleveringsregulasies”.

3. (1) Elke daartoe geregtigde wat na die bekendmakkingsdatum van hierdie regulasies Raadswaterlewing begeer, moet 'n aansoek by die Raad doen in die voeg van bylae A hiervan. Waterlewing is allersins onderhewig aan hierdie regulasies en aan die tarief uiteengesit in bylae B hiervan.

(2) Elkeen wat by die inwerkingtreding van hierdie regulasies Raadswaterlewing benut, bly dit voorts aldus benut asof hy die aansoekvorm volgens bylae A hiervan voltooi en ingestuur het; en asof die Raad die aansoek toegestaan het, tensy so-iemand die Raad binne een maand skriftelik verwittig dat hy van die Raad se waterlewing uitgeskakel wil word.

(3) Hierdie regulasies belet die Raad geensins om volgens gewone vergaderingsbesluit 'n verbruiker vry te stel van een of meer van hierdie regulasies nie, as die verbruiker by die inwerkingtreding van hierdie regulasies 'n ingerigte diens het wat so aangelê is dat dit nog die algemene werking van die Raad se waterlewing, nog die hoofpype, nog die beheer oor die waterlewing hogenaamd belemmer nie, al wyk dit enigsins van hierdie regulasies af.

4. Die Raad maak sover doenlik pyp- of verdelings-aansluitings oral waar hy behoorlik daartoe versoek word, maar hy behou die reg om te besluit hoeveel water gelewer gaan word, en is geensins aanspreeklik vir lewering-versuum weens algemene skaarste, skade aan inrigtings, nodige herstelwerk, of enige ander oorsaak nie.

5. Elke verbruiker moet op eie koste sy eie diens verskaf, aanlê en reghou, met dien verstande dat die Raad op verbruikersversoek en -koste self sodanige diens kan lewer, aanlê of aansluit, in welke geval sodanige diens die eiendom van die Raad bly, totdat die verbruiker die koste daarvan, en die koste van die aanlê en aansluiting betaal het.

6. Op koste van die verbruiker kan die Raad 'n aansluitingspyp aan hom verskaf, en dit na sy perseel aanlê, en voorts in stand hou. Bylae B hiervan skryf voor hoeveel sodanige verbruiker die Raad daarvoor skuld, en die verbruiker moet elke dienooreenkomsdig betaalbare bedrag vooruit stort.

7. Niemand mag 'n pyp by die hoofpyp aansluit sonder die skriftelike toestemming van die Raad, nog mag hy enige hoofpyp, aansluitingspyp of meter beskadig nie.

8. Tydens die aanlê of wysiging van 'n waterlewing-diens mag niemand 'n pas-aangelegde aansluitingspyp of dienspyp bedek of laat bedek voordat so 'n pyp deur die Raad of 'n Raadsbeampte goedgekeur is nie.

9. Eers nadat die Raad of Raadsbeampte of -inspekteur 'n diens of bykomende verbindingspyp nagesien en goedgekeur het, en 'n sertifikaat van sodanige goedkeuring uitgereik het, mag iemand sodanige diens of bykomende verbindingspyp aansluit by 'n bestaande diens wat alreeds by die hoofpyp aangesluit is.

10. Eers nadat 'n skema van die voorgestelde verandering van 'n bestaande diens aan die Raad voorgelê is, en die Raad 'n goedkeuring-sertifikaat uitgereik het, mag iemand 'n bestaande diens verander.

11. Wanneer 'n diens of toebehore vir inspeksie gereed is, of wanneer iemand 'n verandering aan 'n bestaande diens wil aanbring, moet hy die Raad skriftelik daarvan verwittig.

12. Persele waar die Raad water lewer, moet elk sy eie afsonderlike aansluitingspyp hê, en geen perseel mag meer as een aansluitingspyp hê nie, behalwe kragtens spesiale ooreenkoms met die Raad: Met dien verstande dat die eienaar of bewoner van enige groep of stel huise

(1) “inspector” shall mean any servant of the Council duly appointed to inspect the service, communication pipes or meters.

2. These regulations may be cited for all purposes as the “Otavi Water Supply Regulations”.

3. (1) Any person thereto entitled who, after the date of publication of these regulations, desires to be supplied with water by the Council shall submit an application to the Council in the form set forth in Schedule “A” hereto. The supply of water shall in all respects be subject to these regulations and the tariff set forth in Schedule “B” hereto.

(2) Any person who is, upon the coming into force of these regulations, supplied with water by the Council, shall continue to be so supplied as if he had submitted an application in the form set forth in Schedule “A” hereto and such application had been granted by the Council unless within one month he shall give written notice to the Council of his desire to be disconnected from the Council's supply.

(3) Nothing in these regulations contained shall be taken as preventing the Council from exempting any consumer, by resolution passed at any ordinary meeting, from complying with any or all of these regulations, provided that upon the coming into force of these regulations there exists on the premises of the consumer a service which, notwithstanding that it may not in all respects conform to these regulations, has been laid in such manner as not to interfere with the general working of the Council's water supply or mains or with the control of the water supply.

4. The Council shall as far as possible make pipe or distributing connections wherever duly requested so to do, but shall be entitled to decide the quantity of water to be supplied and shall not be subject to any liability for any failure to supply caused by shortage generally, damage to works, undertaking of necessary repairs or any other causes.

5. Every consumer shall, at his own cost, supply, lay down and maintain his own service, provided always that the Council may, upon the request and at the expense of the consumer, itself supply, instal and fix such service, in which case such service shall remain the property of the Council until the cost thereof and the cost of installation and fixing shall have been paid by the consumer.

6. The Council shall at the expense of the consumer supply, lay down and maintain a communication pipe to the premises of the consumer. The sum payable to the Council by the consumer for such communication pipe shall be as prescribed in Schedule “B” hereto, and any amount due thereunder shall be deposited in advance by the consumer.

7. No person shall effect any connection with any main without the written permission of the Council or damage any main, communication pipe or meter.

8. No person shall cause or allow any newly laid communication or service pipe to be covered in the course of the installation or alteration of a service until such pipe has been examined and approved by the Council or some authorised official of the Council.

9. No person shall connect any service with any main, and no person shall connect any additional fittings with an existing service which is already connected with a main until such service or additional fittings have been inspected and approved by the Council or an authorised official or inspector, and a certificate of such approval has been obtained.

10. No person shall make any alteration in any existing service until such proposed alteration has been submitted to the Council and a certificate of its approval has been obtained.

11. When any service or additional fittings are ready for inspection or when it is proposed to make any alteration in any existing service, notice thereof shall be given to the Council in writing.

12. Each of the premises supplied with water by the Council shall have its own separate communication pipe, and no premises shall have more than one communication pipe except by special arrangement with the Council: Provided that the owner or occupier of any group or

wat onderneem om te betaal vir die water gelewer aan elkeen van sodanige huise, met Raadstoestemming één enkele aansluitingspyp mag hê vir waterlewering aan die hele groep of stel.

Waar die Raad aan meer as een huis water wil lewer uit 'n kraan wat vas is aan 'n toevoerpyp, moet sodanige kraan selfsluitend wees. Waar daar uit één aansluitingspyp water aan meer as een huis gelewer word, moet elke takpyp wat vanaf die aansluitingspyp na elke sodanige huis loop, 'n selfsluitkraan hê, sodat die waterstroom na elke sodanige perseel afgesluit kan word.

13. Niemand mag veroorsaak of toelaat dat enige pyp, kraan of verbindingsspyp lek nie, en elke kraan of verbindingsspyp moet so ingerig word dat 'n lekkasie maklik gewaar kan word.

14. Behoudens die bepalings van regulasie 17, mag niemand veroorsaak of toelaat dat 'n vergaarbak onder 'n buitekraan bly of gelaat word wanneer daar inderdaad geen water uit sodanige kraan loop nie.

15. Geen verbruiker mag enige afsluit- of ander kraan gedeeltelik sluit, of gedeeltelik laat sluit, of toelaat dat water in 'n water- of vergaarbak drup nie.

16. Opgaarbakke vir Raadselewerde water mag ingerig en gebruik word slegs op sodanige bedinge en voorwaardes soos die Raad spesifiek goedkeur.

17. Niemand mag toelaat dat 'n afgeslote stoomketel, van watter aard ook, regstreeks uit 'n dienskraan water kry nie; 'n opgaarbak moet spesiaal aangebring word vir die toevoer uit sodanige kraan.

18. Niemand mag toelaat dat water deur 'n ontaspyp in 'n bad inloop nie. Die bad se inloop moet minstens 15 sentimeter bo die badbodem of 15 sentimeter hoër as die borand van die bad ingerig wees.

19. Geen eienaar, nog 'n bewoner, nog 'n ander wat op die bekendmakingsdatum hiervan 'n watervoorraad het, mag water na enige ander perseel lewer nie, behalwe na die perseel op die eiendom waar die watervoorraad is.

20. Waar water ten eerste male per meter aan 'n perseel gelewer word, moet die verbruiker op eie koste sy diens voorberei vir die inrigting van die meter, en nadat die diens aldus gereed gemaak en goedgekeur is, verbind die Raad die diens met die aansluitingspyp, en rig hy die meter op koste van die verbruiker in. Die Raad sorg dat alle aldus ingerigte meters toegemaak word, en indien moontlik, gesluit gehou word.

21. Al die uitgawes in verband met meters wat die verbruiker ingevolge hierdie regulasies moet dra, staan voorgeskryf in bylae B hiervan.

22. Die Raad verskaf sodanige meters op eie koste, en slegs Raadsmeters mag gebruik word.

23. Elke watermeter wat die Raad soos vermeld inrig, sowel as die toebehoere van so 'n meter, is die volstrekte eiendom van die Raad, en bly onder sy alleenbeheer.

24. Die Raad hou die verbruiker verantwoordelik vir die veilige bewaring en goeie werking van so 'n meter, en die Raad kan die verbruiker aanspreek vir alle herstelkoste daaraan verbonde, uitgesonderd slegs die herstelkoste van gewone slytasie, en dit dra die Raad self.

25. Geen verbruiker mag 'n meter of verbindingsspyp daarvan waarom ook al afsluit, nog hom daarmee bemoei, nog veroorsaak of toelaat dat 'n ander dit afsluit of hom daarmee bemoei nie, en waar herstelwerk aan 'n meter nodig word, moet die verbruiker die Raad onverwyld daarvan verwittig en die Raad doen dan so gou moontlik die nodige herstelwerk aan sodanige meter.

26. Die Raad kan te eniger tyd na goeddunke en op eie koste enige meter afhaal en verwijder en 'n ander meter pleks daarvan aanbring.

27. Die hoeveelheid water wat 'n meter as verbruik aandui, word geag die werklike gelewerde hoeveelheid water te wees; en daarvoor moet die betrokke verbruiker betaal volgens die tarief wat bylae B hiervan voorsturyf.

block of houses who undertakes to pay for the water supplied to each of the houses composing such group or block may, with the permission of the Council, have one communication pipe for the supply of such group or block.

In cases where a tap is fixed to a stand-pipe from which it is intended to supply water to more than one house such tap shall be a self-closing tap. Where more than one house is supplied from a communication pipe, a stop-tap shall be placed on each branch pipe leading therefrom to each such house for the purpose of turning off the supply of water to such premises.

13. No person shall cause or allow any pipe, tap or fitting to leak and no tap or fitting shall be fixed in such a position that any leakage cannot easily be detected.

14. Subject to the provisions of regulation 17, no person shall cause or allow any receptacle whatsoever to remain or to be maintained beneath a tap which is situated out of doors when water is not actually running therein from such tap.

15. No consumer shall partially close down, or cause to be partially closed down, any stop-cock or tap, or allow water to run into any tank or receptacle at a dribble.

16. The erection and use of cisterns for the storage for any purpose whatsoever of water supplied by the Council shall be permitted only on such terms and conditions as shall be specially sanctioned by the Council.

17. No person shall allow any description of closed boiler to be supplied direct from a service tap, but in every case a cistern shall be especially arranged for the supply from such tap.

18. No person shall allow water to be supplied to any bath through an emptying pipe, but shall cause it to be supplied by a separate pipe not less than 15 centimetres above the bottom of the bath or over the top of the bath.

19. No owner, occupier or person who at the date of publication hereof maintains a water supply shall supply water to any house except the premises on the property on which the supply is procured.

20. When water is to be supplied to any premises by meter, and the premises have not previously been supplied, the consumer shall at his own cost prepare his service for the reception of the meter, and upon the service being so prepared and approved, the Council shall connect the service or the communication pipe and instal the meter at the cost of the consumer. All meters so installed shall be suitably encased by the Council and, wherever possible, kept under lock and key.

21. All costs and expenses in connection with meters, which under these regulations are to be borne by consumers, shall be as prescribed in Schedule "B" hereto.

22. The Council shall provide such meters at its own expense and only meters supplied by the Council shall be used.

23. All meters and their fittings, fixed by the Council as aforesaid, are and shall remain the Council's absolute property under its sole control.

24. The consumer shall be responsible to the Council for the safekeeping and condition of any such meter, and shall be liable to the Council for the cost of all repairs thereto, except such repairs as may become necessary by ordinary wear and tear, the cost of which shall be borne by the Council.

25. No consumer shall disconnect or interfere with, or cause or permit any other person to disconnect or interfere with any meter or fittings connected therewith for any purpose whatsoever and in the event of any repairs to any meter being found necessary the consumer shall immediately give notice thereof to the Council, and the Council shall effect such repairs as may be found necessary to such meter, as soon as possible.

26. The Council may at any time, at its discretion and its own expense, disconnect and remove any meter and affix and substitute any other meter therefor.

27. The quantity of water which shall be registered by meter as having been supplied to any consumer shall be deemed to be the quantity actually supplied. The quantity of water so registered shall be paid for by such consumer in accordance with the tariff set forth in Schedule "B" hereto.

28. Elke verbruiker is gebonde aan elke aantekening in die Raadsboeke, wat 'n meterstand hom aangaande vermeld, tensy sodanige aantekening foutief gemaak is of die meter ten tyde van sodanige standlesing verkeerd was.

29. Indien 'n verbruiker te eniger tyd ontevrede is met 'n meterlesing en die meter getoets wil hê, moet hy binne sewedae vanaf sodanige lesing, die Raad skriftelik kennis gee, en daarna toets die Raad die meter.

Word die meter juis bevind dan moet die verbruiker die bedrag van tien sjielings (10/-) en die vervoerkoste van die meter van of na die toetsplek aan die Raad betaal.

Word die meter egter foutief bevind, rig die Raad 'n juiste meter kosteloos in.

'n Meter word geag juis te wees indien geen fout van meer as vyf persent na die een of die ander kant, bewys word nie.

30. Waar 'n meter gebrekkig is en verkeerd aanwys, maak die Raad dit so gou moontlik reg of vervang hy dit, en die Raad skat voorts die hoeveelheid water waarvoor die verbruiker moet betaal vanaf die datum waarop die meter foutief geraak het, totdat dit reggemaak of vervang word, op die grondslag van die vorige verbruik van water op sodanige perseel of, indien so 'n skatting onmoontlik blyk, dan op die grondslag van die latere verbruik nadat sodanige herstelwerk of vervanging gedoen is. Die verbruiker moet die bedrag wat volgens skatting verskuldig is, binne sewe dae vanaf kennisgewing betaal, tensy hy so 'n kennisgewing ontvang eerder as sewe dae voor dat hy gewoonweg ingevolge sy kontrak met die Raad sy waterrekening sou moes betaal het. In so 'n geval betaal hy dan voor of op die dag waarop hy sy gewone waterrekening sou moes betaal het.

31. Op Raadsvereiste moet die verbruiker 'n geskikte en veilige plek op sy perseel ter meterplasing beskikbaar stel. Aan die kant van die meter langs die Raad se hoofpyp, rig die Raad 'n afsluitkraan vir sy eie uitsluitlike gebruik in.

